

Die Slangarend van Matjiesfontein

Louise du Toit

Ons leef almal in en deur en van stories. Jou persoonlike storie is ingewef in die groter, ouer en meer duursame stories van jou land, jou gemeenskap, jou familie. Die globale krisis van ons dag is deels 'n krisis van storie en daarom van identiteit; dit is ook 'n krisis van simbool, beeld en metafoor wat ons in die steek gelaat het. Ek verstaan Anni en PC se werk in die Karoo as 'n goeie voorbeeld van hierdie generasie se poging om nuwe hoopgewende, transformerende, en aktivistiese simbole te vind. Hulle tekens van hoop wil vir ons maniere van saamdink en saamleef anderkant die doodloopstrate oopmaak. Verwondering oor die skoonheid en krag van nuwe simbole kan vir ons die morele moed gee om ou wêreld en hulle dikwels dodelike sekerhede agter te laat. Want dit gaan moed verg om die groot verhale waarin ons tans leef grondig te bevraagteken: ons verstaan van die godheid en van die kosmos en van die mens se regmatige plek daarin, ons verstaan van die natuurlike wêreld, van tyd en ruimte, van ons kontinent, en veral en by uitstek ons opvatting oor watter soort lewe die moeite werd is om te leef. Die kans is goed dat so 'n nuwe verhaal uit Suid-Afrika sal kom, as synde die geboorteplek van die mens self.

Toe ek haar vra waarom hulle juis gekies het om 'n slangarend by Matjiesfontein te bou, het Anni Snyman 'n pragtige antwoord gegee. Toe sy destyds die terrein vir die geoglyef kom ondersoek het, het 'n slangarend-paar bokant haar gesirkel. In plaas daarvan om 'n vooraf uitgewerkte teorie of plan op die landskap te kom neersit, het Anni en haar broer hulle eerder laat lei deur die bewoners van die plek self. Die slangarende het vir hár gekies. Daarmee het sy die eie waarde en agentskap van die arende en van die oeroue omgewing gerespekteer. Dit is verder vir my gepas dat dit 'n broeipaar was, want die geweld teen vroue en die vroulike beginsel is juis een van die belangrikste simptome van ons menslike vervreemding van die natuur, van mekaar en ten diepste van onself, van ons eie aard. Alhoewel sy aanvanklik spontaan gereageer het op die uitnodiging van die arende, het die slangarend spesifiek met die verloop van tyd en soos wat die werk gevorder het, vir Anni 'n al hoe sterker simboliese betekenis aangeneem. Wat ek hieronder gaan probeer omskryf, is enkele aspekte van hierdie ryk veld of web van betekenis wat rondom die Slangarend van Matjiesfontein begin vorm aanneem. Mag hierdie kragtige simbool en die stories wat sy vir ons wil vertel, deel word van die groter verhale – van die streek, van die land, en van die Aarde self.

Ingewef in hierdie pragtige tekening van 'n reusegroot slangarend in vlug, is die twee afsonderlike, maar verstrengelde, elemente van slang en arend. Slang en arend kom in dinamiese beweging, kom op vlug, langs 'n belangrike fontein van die Groot Karoo, die Matjiesfontein. Hierdie drie elemente – slang, arend, fontein - roep die bykans vergete wêreld van die oudste inwoners van die Karoo op. Die |Xam-sprekende mense van Loxton, Brandvlei, en Calvinia, wie se kosmologie opgeteken is in die Bleek en Lloyd-versameling, is ons beste bron van spore, stories en herinneringe van die eerste mense van die Karoo.

Pogings om toegang tot hulle geesteswêreld te kry, is moeisaam, omstrede, en harde werk. Soos die debat rondom Antjie Krog se werk (sien Krog 2004, Deacon 2011) getoon het, is daar 'n fyn en dowwe grens tussen die verkenning en beligting van hierdie ou verhale en rotstekeninge aan die een kant, en kulturele 'appropriasie' aan die ander kant. Dit is my bedoeling om vandag hierdie oudste inwoners in herinnering te roep, om ons weer na hulle wêreld te beduie, al is ek so sleg toegerus om dit na behore te kan doen. Al het my voorouers seer sekerlik meegedoen aan die wrede uitwissing en ondergang van daardie wêreld. Ek vra by voorbaat julle en hulle vergifnis. Ek bespreek nou die drie elemente van fontein, slang en arend om die beurt.

Fontein

Vir die |Xam was die watergat, fontein of rivierpoel die heilige middelpunt van die kosmos (sien Lewis-Williams and Pearce, 2004, p.52). Water maak alle lewe moontlik en wie verstaan dit beter as mense wat in droë, warm plekke leer oorleef oor baie eeue? Ek verbeel my as ons die betekenis van die fontein vir die |Xam van die Karoo en Noord-Kaap wil begryp, kan ons dit goed vergelyk met die ark wat die antieke Israeliete met hulle saamgeneem het op hulle lang reis deur die woestyn. Waar ookal die ark was, daar was God, die middelpunt van die Israeliete se wêreld. So ook met die nomadiese |Xam: waar hulle ookal was, die naaste waterbron het die heilige middelpunt van die kosmos gevorm.

Die |Xam het altyd kamp opgeslaan naby aan so 'n heilige waterplek, maar nooit té naby nie. Dit was in duidelike kontras met die latere trekboere en sendelinge wat disrespekvol feitlik bo-op die watergat gaan woon het, damme gebou en landerye aangelê het, en sodoende die waterplek geprofaniseer het. Vir hulle met hulle westerse wêreldbeeld was die watergat net 'n *bruikbare ding*; vir die |Xam was dit daarenteen 'n *heilige plek*. Hulle ganse wêreld het rondom die watergat vorm aangeneem. Toe hierdie wêreld nog hulle tuiste was, het die |Xam die ganse menslike, natuurlike en goddelike ruimte geöriënteer rondom die waterplek in 'n bi-aksiale oriëntasie (Lewis-Williams and Pearce, 2004, p.52-53). Stel jou voor jy staan voor die fontein en kyk eers op en dan af langs 'n vertikale as. Bo-oor die waterplek is daar die hemelruim met al sy lewende wesens, soos die waterbul, die groot godin, die Mantis (/Kaggen, die triekster-god) en ander mitiese figure geassosieer met die verskillende hemelliggame. Waar jy ookal gaan, by watter water jy ookal vertoef, dieselfde, voorspelbare nagraum sal daar wees; die ruimte waarheen danse en drome ons wegvoer. Die hemelruim is 'n vaste verwysingspunt, al staan dit ook nie stil nie, maar tuimel nagteliks geruisloos deur die lug soos wat die nag voortspoel. Hierdie vertikale as loop van die hemelruim af en af deur die waterplek na die (water-)wêreld onderkant die aarde. Die watervlak verberg die onderwêreld, terwyl dit ons woordeloos ook daarvan vertel. Met die halfdeursigtigheid van water is dit ryk aan suggestie oor ander vorme van bestaan. Maar terselfdertyd verdubbel dit die wêreld bokant die aarde wanneer die hemelliggame snags, soggens vroeg en saans laat weerkaats word in en op die watervlak.

Die water wat opstoot uit die grond en wat uit die lug val, verbind the twee ekstreme eindpunte van hemel en onderaarde. Die onderaardse is die plek van die dood en die dooies. Maar belangrik anders as in die westerse godsdienstige kosmologie, lê vir die |Xam die paaie tussen die drie wêrelde óóp. Veral in die hart van die nag, wanneer die mense bymekaar kom en een word, en die drie wêrelde (bo-aarde, aarde en onder-aarde) mekaar ontmoet in die water, dan gebeur magiese dinge. Sommige rotstekeninge wys hoe die wyse manne teen die bliksemstrale opklim na die groot godin en die reënbul bo in die lug. Die transdane laat die manne tussen die sterre rondtrek op soek na die reënbul. Deur die reënbul te jag en te slag, help die manne die heilige natuurkragte om reën te maak, en fasiliteer ook op hierdie manier die vrugbare ontmoeting van die verskillende wêrelde, die heerlike bevrugting van die Aarde en die voortspruit van nuwe lewe. Die wêreld onder die water is die plek waar die waterslang regeer vanuit sy weelderige paleis – dit is terselfdertyd ook die onderwêreld waar al die dooies woon en vanwaar water, lewe en plante opstyg en uitspruit. Die plek van dood en gevaar is óók die plek van vrugbaarheid en nuwe lewe. Dit is betekenisvol, sê Lewis-Williams en Pearce, dat die sentrale watergat ‘n transformerende en herskeppende krag verteenwoordig. In |Xam-rites, byvoorbeeld, groei ‘n skoen tot ‘n eland in die watergat, ‘n volstruisveer ontwikkel tot ‘n volstruis, en die wensbeentjie van ‘n bloukraanvoël word ‘n volle bloukraanvoël in die water (p.53). En nie net vlieg sjamans deur die lug nie, maar hulle swem ook na nuwe wêrelde onder die water, soms omring deur singende en dansende geeste (Lewis-Williams and Pearce, 2004, p.63).

As jy nou jou aandag terugbring na die sentrale waterplek en hierdie keer die horisontale as volg, kyk jy links en regs van die water. Soos vroeër genoem sou die |Xam op ‘n respekvolle afstand vanaf die watergat kamp gemaak – om die water skoon te hou, en om die watergeeste en ander wesens minimaal te versteur. Op die een punt van die horisontale as is daar die vrouewêreld van die kamp; dit is die sentrum van die kulturele lewe, die plek van sosiale byeenkomste, soos die deel van vleis en medisynedanse (Lewis-Williams and Pearce, 2004, p.52). Aan die ander punt, ver anderkant die waterplek, is die mannewêreld van natuur en jag en wilde diere en vreemde mense; dit kan as die natuursentrum van hulle kosmologie verstaan word. Die waterplek het daarom ook die afstand en die verskil tussen die geslagte in die mensewêreld in stand gehou, net soos tussen die verskillende wêrelde van hemel, water en onderaarde. As kruispunt en allerheilige plek, gee die watergat aan elke dimensie sy identiteit, maar sonder om hulle te organiseer as mekaar se verwyderde teenpool en sonder om ‘n hiërargie tussen hulle tot stand te bring. Die middelpunt van die heilige waterplek hou hemel en aarde, kultuur en natuur uitmekaar sonder om kontak tussen hulle te verbied, maar ook sonder om toe te laat dat die een die ander verswelg. Die watergat self struktureer die kosmologie en is daarom ‘n heilige, ambivalente plek (p.53) waar die sentrale element van water lewe gee en ook kan neem. Die vloeiende, deursigtige en lewegewende element van water staan sentraal tot, en organiseer en orienteer, die ganse dinamiese kosmos van die |Xam. Dit beteken die verskillende domeine behou elk hulle eie identiteit, maar word ook in verhouding tot mekaar gestel, en in gesprek en interaksie, deur die bemiddeling van die waterplek as kruispunt van die twee lyne.

Slang

Dit bring ons dan by Anni en PC se slange, waarvan daar twee ingeteken is op die uitgespreide vlerke van die slangarend. Dit is interessant dat die logika van die tekening behels dat jy die slange net kan sien wanneer die arend in vlug is. Soos die beweging van die sjamans deur die lug en deur die water, en die beklemtoning van die vloeibare elemente van lug en water self, sluit haar werk hiermee aan by 'n vloeiende metafisika of kosmologie, in teenstelling met die dominante westerse 'metafisika van soliditeite' waarvan Franse filosoof Luce Irigaray skryf. Waar westerse mitologie of metafisika stabiliteit, stasis, identiteit, eendersheid en tydloosheid benodig en sentraal stel, is daar baie ander kulture wat eerder dinamiese vloeibaarheid, poreuse grense en interverweefdheid beklemtoon. In die wêreld van die |Xam, en ook wyer verspreid in Suider-Afrikaanse kulture, gesentreer rondom die watrgat, is die waterslang een van die sleutelfigure (sien Lombard). Die waterslang, soms ook die watermeid, bewoon en bewaak hierdie kruispunt van die werelde. Daarom ook dat dit heilig (pragtig, glinsterend), kragtig en ook gevaarlik is. Van die waterslang word daar in sommige gemeenskappe vertel hy vreet seuns en mans voor die voet op. Maar met vroue werk hy anders: hy vang vir hom gereeld 'n vrou wat hy onder die water in trek om by hom te kom woon.

Daar is 'n besondere verbintenis en verhouding tussen die 'maagmeisie' – die meisie wat puberteit bereik - en die waterslang. Sy word seremonieel aan hom voorgestel wanneer sy vrugbaarheid bereik, en hy beskerm en bemagtig haar in haar belangrike rol as die gewer van nuwe lewe, die magiese skoot waarin die transformasie van grondstowwe tot mense gebeur. Hiermee word vroulike seksualiteit geheilig. Sy word ook met die nuwe of eerste reën geassosieer: wanneer sy begin menstrueer, besit 'n meisie die magiese krag van reën om lewe te skep (Lewis-Williams en Pearce, p.154). Haar seksualiteit word dus nie tot 'n funksie van die manlike gemeenskap gereduseer nie, maar eerder as goddelik gerespekteer. Ietwat soortgelyk aan die Genesis-tek, suggereer hierdie verhale ook 'n alliansie tussen die slang met sy vermoë tot hergeboorte deur vervelling, en sy vermoë om gemaklik tussen die verskillende wêreldes te kan beweeg, aan die een kant, en vroulike seksualiteit aan die ander kant. Grappige verhale vertel hoe 'n vrou wat eers deur die slang bevredig is, nooit weer met 'n man tevrede is nie. Een storieverteller sê: "Ek en jy kan tog nie met haar gedoen kry wat die slang met haar gedoen het nie. Die slang gee haar 'n anner soort lekkerte". Hierdie dubbelsinnige figuur – van skoonheid, krag, en gevaar - waak oor die waterwêreld, die kruispunt van die twee sentrale asse, tussen die wêreldes van vrou (kultuur) en van man (natuur) vrou, van hemel en aarde, van geestelike en materiële wêreldes, en hy neem boonop die vrou se lewegewende, skeppende vermoë op besondere wyse in beskerming. Filosofe soos Michelle Boulous Walker, Luce Irigaray en Adriana Cavarero beskryf daarenteen die westerse denkraam as gefundeer op die simboliese moedermoord, 'n soort ontkenning en uitwissing van die liggaam van die moeder as die oorsprong van alle menslike lewe.

Arend

Vir my is die arend as hemelwese in ons konteks 'n plekhouer en 'n waarskuwing dat ons die paaie tussen die verskillende wêrelde toegemaak en afgesny het. Ons moet die |Xam-verhale van hoe die manne snags in die transdansa tussen die sterre rondgeloop het en reën help maak het, of afgedaal het en onder die water grense oorgesteek het, myns insiens saamlees met antieke verhale uit ander wêrelddele, wat vertel van besoeke en besoekers aan die Onderwêreld. Reeds in die ou Sumeriese geskrifte daal die groot godin van die Aarde Inanna af na die Doderyk om haar suster wat daar heers, Erishkigal, te gaan besoek en bemoedig. Erishkigal se trane noop Inanna om haar magte en kragte neer te lê in 'n vernederende en gevaarlike tog na die Onderwêreld. Wanneer sy terugkom na die Aarde, open sy daarmee vrugbare nuwe moontlikhede vir almal. Daarby kom ook nog Osiris en Jesus wat met hulle besoeke aan die Onderwêreld vir ons wil herinner dat ons nie moet vasval in die voorhande nie, maar die paaie moet oophou na die wêreld daar bo sowel as die wêreld daar onder. Ek sien die arend dan ook as 'n herinnering dat alhoewel ons hierdie paaie nie meer opsoek nie, hulle nog steeds daar is. As jy iets hiervan begin verstaan, begryp jy ook beter waarom die wêreld onder die aarde die plek van die dooies én ook die bron van nuwe lewe is. 'The tomb is the womb'. Dan sien ons beter hoedat die westerse eensydige vlug weg van die aarde as die materiële, die plek van sterflikheid, beteken dat ons ook die naelstring na die oorsprong van alle lewe daardeur probeer afsny. Met haar 'thinking path' nooi Anni ons om nuwe paaie oop te trap, in die landskap, in die Karoo, maar ook in ons harte en ook in die groter wêreld van mense, diere en plante, wat daaraan 'n groot behoefte het. Die klassieke labirint, waarvan hierdie ook 'n tipe is, is anders as 'n doolhof – in 'n doolhof verloor jy jouself (jou pad), maar in 'n labirint vind jy jouself. Die labirint nooi jou uit om met die instapslag ou dinge af te lê, ou patrone prys te gee en in gelatenheid dinge te laat los, om uit te tree uit vernietigende en verstikkende maniere van doen en dink. Die middelpunt, in die hart van die labirint, nooi jou om jou hart oop te maak, jou bloot te stel aan die misterie en magie van dinge, gegee in die gewone, verbysterende Karooringe om jou. Die hart van die labirint verteenwoordig die heilige middelpunt van die kosmos, die poort na die ander wêreld waarvan ons vergeet het en wat ons afgesny het; die magiese dimensie van die mundane, die oneindige wat binne die eindigheid lê. Terwyl jy uit die labirint stap, eien jy vir jou die vernuwing toe. Al stappende en soekende val nuwe patrone en beelde, nuwe metafore en insigte in plek, en oefen jy jou daarin met elke tree. Jy stap om iets nuuts in jou liggaam en verstand af te ets, dit deel van jou habitus te maak.

Maar die paaie tussen die verskillende wêrelddele, die paaie waaraan jou heel-stap van die slangarend, haar boodskap, die heel-stap van die waterslang en van die fontein van die Karoo, jou herinner, vertel ons ten slotte ook iets van 'n ander manier van omgaan met tyd. Die groot korporasies van ons globaliserende wêreld is die magtigste instellings van ons era, soos die kerk in die Middeleeue en die koning in monargiese tye (sien die dokumentêre flik, 'The Corporation'). Hierdie organisasies is wetlik op so 'n manier gekonstrueer dat hulle die belange van hulle aandeelhouders bo alle ander oorwegings moet stel – selfs dit wat in openbare belang sou wees. Hulle kyk na landskappe met 'n gulsige oog slegs ingestel op

wins, en die eksternalisering van enige kostes, insluitend omgewingsagteruitgang, sosiale kostes, die uitwissing van spesies, waterbesoedeling, ensovoorts. Hulle kyk wat hulle vinnig kan onttrek aan die landskap met die oog op korttermyn-wins, gedrewe deur kwartaallike verslaggewing aan die mark. Soos ons weet, rig daardie korttermyn-benadering en die gepaardgaande aanbidding van spoed spektakulêre geweld aan ons planeet aan. Die vernietigende gevolge van hierdie geweld speel daarenteen dikwels stadig en oor 'n lang tyd uit in die lewens van plaaslike, magtelose en meestal arm gemeenskappe, en kwesbare landskappe (sien Rob Nixon). Stadige geweld is die soort wat dikwels nie skouspelagtig is nie en deur die media geignoreer word. Dis die besoeling van waterbronne, dis die kankers en wangeboortes veroorsaak deur industriële gif, dis die asbestose wat sluimer in die longe van mynwerkers, dis die agterlaat van dooie landskappe. Skade aan mens, plant en dier - eksternaliteite wat beteken dat die armstes en die magteloses die koste dra van die maatskappye se wins. Rob Nixon praat van die 'official landscape' van sentrale regerings en groot korporasies, wat bots met die 'vernacular landscape' van die mense wat weet hoe om die landskap in beskerming te neem sodat die landskap hulle kan voed en beskerm.

Die konflik tussen mobiele rykes en gestrande armes het daarom ook 'n tyd-dimensie. Dit is die kapitalis se korttermyn-winsbejag wat te staan kom teenoor die veel langer en veel stadiger tydshorison van die inheemse mense. Hulle weet waar die voorgeslagte begrawe lê en onthou die stories van die ou mense, en hulle hou aan hierdie goue draad van tyd vas sodat die land ook nog hulle kinders se kinders se mae sal kan volmaak. Mense wat noodgedwonge naby aan die land leef se houding teenoor die land moet die nuwe rigtende storie van ons tyd word, ons tyd waarin ons die voorwaardes vir lewe op aarde sistematies uitwis. In die woorde van Aldo Leopold, inheemse mense weet hoe om soos 'n berg te dink. Julle sal moontlik die mooi storie onthou waar hy sê verskillende reaksies volg op die naggehuil van die wolf. Wanneer die wolf roep, word die wildsbok herinner aan haar sterflikheid, die jakkals en kraai dink aan iets om te aas, die boer dink aan geldelike verliese en die jagter aan die uitdaging en opwinding van die jag. Maar die dieper betekenis van die wolf se roep, dié ken net die berg. Want net die berg het lank genoeg geleef om te weet wat 'n landskap sonder wolwe beteken. In sy leeftyd het Leopold gesien hoe berge kaal gevreet en stof getrap word as die bokke te veel raak. Hy sê, soos wat die boktroppie in doodse vrees vir hulle wolwe leef, so leef die berg in doodse vrees vir sy bokke.

In 'n TED Talk van 2014 vertel George Monbiot die volgende episode van Leopold se wolweverhaal. In 1995 is wolwe vir die eerste keer in 70 jaar hervestig in die Yellowstone Nasionale Park. Sonder wolwe het die bokke die plantegroei dramaties vernietig en uitgedun – net soos in Leopold se storie. Toe daar maar nog net 'n paar nuwe wolwe was, het die landskap stelselmatig maar dramaties begin verander. Die wolwe het natuurlik 'n klompie bokke uitgevang, maar baie meer betekenisvol was die maniere waarop die teenwoordigheid van die wolwe die *gedrag* van die bokke verander het. Uit vrees dat hulle vasgekeer kan word, het die bokke spesifiek die valleie en klowe van die Park begin vermy. Die plantegroei in hierdie areas het vinnig herstel. Waar voorheen kaal valleihange was, het inheemse weer woude begin vorm.... En toe kom die voëls terug. Bewers, wat hout vreet,

het begin terugkeer. En bewers is ekostelsel-ingenieurs, wat nisse bou wat ideaal is vir ander lewensvorme. Die bewerdamme in die riviere het 'n tuiste geword vir amfibieë, reptiele, visse, eende, muskusrotte en otters. Maar die wolwe het ook prairiewolwe (coyotes) gevang, wat dit toe moontlik maak vir die rotte en die muise om terug te keer, en kort op hulle hakke die valke, wesels, vosse en dasse. Rawe en arende, en ook die bere het die oorblyfsels van die wolwe se prooi kom vreet. Weens die wolwe se oorskiet en die verhoogde drakrag van bessiebosse het die bere se getalle gestyg en hulle het die wolwe gehelp deur soms 'n boklammetjie te vang. Maar nog interessanter as al hierdie verrassende effekte van die terugbring van 'n megafauna of dominante dier bo-aan die voedselketting is dat die wolwe uiteindelik ook die gedrag van *die riviere* self begin verander het. Die herstellende woude het veroorsaak dat die rivieroewers gestabiliseer het. Daarom het die riviere se vloed gestabiliseer met minder erosie en dieper poele as die resultaat. Meer standhoudende riviervloei, skoner water en beter huise vir al die diere in en om die water. Nie net, sê Monbiot, het die paar wolwe wat teruggekom het die ekosisteem van die ganse park ingrypend verbeter nie, maar hulle het selfs ook die fisiese geografie van die Park verander. Mag die maagmeisie, die arend, die Matjiesfontein, die waterslang en die wolwe simbole word wat ons in hierdie land help om radikaal nuut te begin dink oor ons kosmos en mense se plek daarin.

Ek weet dat almal wat help bou en dink en droom en speel het met hierdie slangarend het dit gedoen uit liefde vir die Karoo en sy tydlose landskappe. Mag Anni, PC en die bouspan se pragtige geoglief voortgaan om menseharte aan te raak en ons te leer om ons waardes te herwaardeer in lyn met die ou en durende gedagtes van hierdie berge en die voormense van hierdie plek.

Verwysings

Bleek, W.H.I.&Lloyd, L.C. (1911) *Specimens of Bushman Folklore*. London: George Allen. Sien ook aanlyn: <http://loydbleekcollection.cs.uct.ac.za/>

Cavarero, Adriana (1995) *In Spite of Plato: A Feminist Rewriting of Ancient Philosophy* New York: Routledge

Deacon, Janette (2011) 'Bushman Letters. Interpreting I|Xam Narrative', Boekresensie in *Transactions of the Royal Society of South Africa*, 66:2, 154-155, DOI: 0.1080/0035919X.2011.602129; ook beskikbaar by: <http://dx.doi.org/10.1080/0035919X.2011.602129>

Hollmann, J.C. (ed.) (2004) *Customs and Beliefs of the //Xam Bushmen*. Johannesburg: Wits University Press.

Irigaray, Luce (1985) *Speculum of the Other Woman* (vertaal deur Gillian C. Gill) Ithaca, New York: Cornell University Press.

Krog, A. (2004) *The Stars say Tsau: //Xam Poetry of Dia!kwain, !Kweiten-ta //ken, /A!kunta, /Han#kass'o and //Kabbo*. Cape Town: Kwela Books.

Leopold, Aldo (1949) 'Thinking Like a Mountain' in *A Sand County Almanac and Sketches Here and There* Oxford: Oxford University Press.

Lewis-Williams, David & Pearce, David (2004) *San Spirituality: Roots, Expressions & Social Consequences* Cape Town: Double Storey

Lombard, Jean (2015) *Die ding in die riete*. Kaapstad: Tafelberg. (sien ook <http://www.litnet.co.za/resensie-die-ding-in-die-riete-deur-jean-lombard/>)

Monbiot, George (2013) 'For more wonder, rewild the world' beskikbaar by https://www.ted.com/talks/george_monbiot_for_more_wonder_rewild_the_world?language=en

Nixon, Rob (2011) *Slow Violence and the Environmentalism of the Poor* Cambridge, MA: Harvard University Press.

'The Corporation' (2004), beskikbaar by thecorporation.com/

Walker, Michelle Boulous (1998) *Philosophy and the Maternal Body: reading silence* New York & Oxford: Routledge.

Wessels, Michael (2010) *Bushman Letters. Interpreting ||Xam narrative*; Johannesburg: Wits University Press.